

Versamelstuk

BENODIGDHEDE: Omega-hekelgare Nr. 8 (50-g-bolle, die hoeveelheid hang af van lengte van stroke wat gehekel word) en wit linne vir tafeldoek (koop dit nadat hekelwerk voltooi is); hekelpen van 1,25 mm.

AFKORTINGS: Ks – kettingsteek; kb – kortbeen; lb – langbeen; st(e) – steek(steke); sp(s) – spatie(s); blk(s) – blokkie(s).

Spasie: 1lb om te begin; 2ks, slaan 2 ste oor, 1lb in vlg st om sp te voltooi.

Blokkie: 1lb om te begin; 1lb in elk van vlg 2 ste, 1lb in vlg st om blk te voltooi.

AANWYSINGS: Twee lang en twee kort stroke word gehekel; elke strook sal ongeveer 20 cm breed wees en so lank soos verkies.

LANG STROOK: Begin met 105ks, volg dan diagram vanaf lyn A-B tot lyn C-D.

Draai diagram om en hekel terug van lyn C-D tot lyn A-B, òf, indien 'n langer strook benodig word, kan vanaf stippellyn H-E tot middel en terug herhaal word. Maak nog so 'n strook.

KORT STROOK: Begin met 170ks. Raadpleeg diagram; begin by punt B van lyn B-F en hekel van B tot F; draai diagram om en hekel van F-B vir tweede helfte van eerste ry.

Hekel so voort tot lyn E-G bereik word en knip gare af.

Maak 'n tweede kort strook op dieselfde manier.

Hekel of werk kort kante aan lang kante vas.

Plaas hekelwerk op linnestof en werk vas.

Knip ten slotte die materiaal onderkant die vasgewerkte hekelstroke weg en werk rafelrande netjies af.

Maak 'n smal soom rondom tafeldoek.



STROKE – IETS BESONDERS!

DIAGRAM VIR STROKE

□ – spasie
 ⊗ – blokkie

